## KONTAKBESONDERHEDE

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asseblief 'n verwysing,
bv. Dankoffer

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en Klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Suzanne | Botha | 09/07 |
| Theuna | Lourens | 09/07 |
| Marie | Pienaar | 09/08 |
| Sarina | vd Westhuizen | 09/08 |
| Tienie | Pienaar | 09/09 |
| Jess | Stelma | 09/09 |
| Eliz | Odendaal | 09/10 |
| Esther | van As | 09/10 |
| Jerome | Daries | 09/11 |
| Alta | Marais | 09/11 |
| Andrew | Fraser | 09/13 |
| Mischa | van Wyk | 09/13 |

## NUWE INTREKKERSBOEK

As jy nuut is in ons gemeente, skryf gerus jou besonderhede in die nuwe intrekkers-boek. Daar lê so 'n boek in albei ons kerk-geboue. Ons sal jou graag beter wil leer ken.

NG KERK
SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

7 September 2025

## WELKOM!

**EREDIENSTYE 07/09**
09h30 L'Agulhas
Sinodale Kollekte
Bediening aan die Dowes
Kategese
**Donderdag**
11h00 Kommunikasie
**Vrydag**
09h00 All Pay

**EREDIENSTYE 14/09**
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
Kategese
Sinodale Kollekte
Studentebearbeiding

## DOWES

Ds.Nadia Muller het haar 5de jaar en gemeentejaar in die NG KERK Dowe Gemeente in Pretoria gewerk. Daar het sy gebaretaal leer praat en moes sy na net 2 lesse en 4 eredienste aan die hand van 'n tolk preek. Sy is tans predikant in Simondium. Ds. Nadia sê sy is aanbe-veel om dramaklasse te neem, want as jy met dowes praat, praat alles saam: jou gesig, lyf, alles, nie net jou gebare nie.

Sy gee die volgende wenke: 1. Horendes moet bewus gemaak word van dowes. Maak oogkontak, waai om hallo te sê, dat die dowe kan sien jy sien hom, jy groet hom. Dowes is nie so opvallend soos ander gestremdes nie, daarom die bewusmaking. 2. Hospitale en banke het nie almal tolke nie en dowes moet dan op horendes staatmaak. Dit maak inbraak op hulle privaatheid. Sy spreek dan ook die wens uit dat meer tolke opgelei moet word om dowes te bedien. 3. Sê dankie vir tolke. 4. As jy praat of bid, stel jou in die skoene van die dowe. Dit moet 'n stil diens wees, sonder musiek, net tasbare stilte. Ervaar wat jy waarneem as alles om jou doodstil is. 5. Dit is goed as dowes weet ons bid vir hulle. Verder wys sy daarop dat horende persone 70-80% van dit wat hulle weet terloops hoor, oor die radio hoor of in gesprekke optel. Slegs 20% van ons kennis vind deur spesifieke kennis plaas. Dowes se kennis word net met die 20% spesifieke oordrag van kennis bekom. Die internet en sosiale media maak die wêreld vir die dowe wel makliker.
Kom ons raak vandag bewus van die per-sone met gehoorverlies en doofheid.

**Teksvers vir die week:**
Psalm 1:1&2 - Gelukkig is die mens wat nie die raad van goddeloses volg, nie op die pad van sondaars gaan staan en nie in die byeenkoms van spotters sit nie, maar wat vreugde vind in die wet van die Here en sy wet dag en nag prewel.

## Ons bid vir...

1. Bewusmaking onder horendes van dowes en hardhorendes
2. God se beskermende hand oor alle mense wat doof is en persone wat gehoorverlies het. Mag Hy hulle almal uitstuur om ten volle te leef deur sy genade en guns.
3. Die deel van God se liefde in oorvloed, ook met dowes en mense met gehoorverlies. As jy dalk iemand ken met gehoorverlies, bid vandag spesiaal vir daardie persoon
4. Al die werksaamhede rondom Nampo wat hierdie week in Bredasdorp plaasvind. Mag daar genoeg hande en voertuie wees.

## Doen & Deel

### DANKIE VIR

1. Heinrich, Joanie & Karin wat koppe bymekaargesit het om die persone wat so ontsettend hard gewerk het met die Fotografiekongres op 1 September te bederf.
2. Max se moeite met die aanry van ekstra stoele en 'n tafel.
3. Max en Karin vir die oopstel van hulle huis.
4. Edna se samewerking met die verskaf van name.
5. Karin se plesierige noot-vir-noot.
6. Die goeie gees wat onder die gaste geheers het.

### Take Away Friday

Die Kerkkombuis verskaf volgende Vrydag 12 September Take Away Friday - Bobotie, geelrys en 'n groen slaai - nagereg Appeltert en vla. R95-00 elk....Bestellings noodsaaklik .... net 'n beperkte aantal porsies beskikbaar. Edna 0825842817.



### SENIOR SENIORBURGEROGGEND

Is jy deel van ons uitgesoekte 80 Plussers?
Ons wil jou graag bederf ....
Wanneer: Woensdag
17 September 2025
Tyd: 10h00 Plek: Struisbaai Kerk
Bevestig jou teenwoordigheid by Karin 0723476568 teen 9 September.
Indien jy vervoerprobleme het, sal ons jou kom haal!

### Suidpuntkoor

1. Dankie vir die skenk van die lieflike kwilt vir ons koor, Sandra Senekal.
2. Dankie vir die puik uitstallings van die kwilt en die advertensie van Coenie se konsert, Erika Steyn.
3. Dankie vir die reklame wat jy vir ons koor se optrede saam met Coenie doen, Letty-Ann Möller.
4. Ondersteun asseblief ons koor se insamelingspoging.

Teen R20 'n lootjie staan jy 'n kans om die spogkwilt in Struisbaaikerk te wen.

5. Kontak Letty-Ann by 0767129026 as jy Coenie se optrede op 20 Oktober wil bywoon. Dit geskied in die NG KERKSAAL, BREDASDORP. Maandag, 20 Oktober, 18h00 vir 18h30. R150 p.p.

### NAMPO

Daar is 'n versoek vir vrywilligers om by NAMPO te werk op 10-13 September, asook persone wat hul bakkies beskikbaar kan stel vir die vervoer van reeds voorbereide kosse vanaf Struisbaai na die Skouterrein op Bredasdorp. Kontak asseblief vir Max Michau vir meer inligting @ 083 557 1300. KOM ONDERSTEUN die NG Kerk Riviersonderend en NG Kerk Suidpunt se BOEREKOS-GUNSTELINGE:

Kerrie & rys Kerrieafval & rys Vaalafval & rys Waterblommetjies & rys

*** VOERMOL STOOR***